

Maandag 4 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:7, 11

Konflikhantering met 'n ander agenda

Wanneer iemand jou sleg behandel, laat dit jou verskillende dinge voel. Ons het ook verskillende reaksies wanneer iemand ons leed aangedoen het. Daar is mense wat sê jy moet iets terug doen aan die persoon. Ander sê weer jy moet net die persoon los en aan gaan met jou lewe.

'n Algemene reaksie vandag is om iemand hof toe te sleep. Hierdie persoon moet betaal vir die onreg wat hy my aangedoen het. Kinders leer vinnig hierdie manier om konflik te hanteer, by ons aan. Selfs deur die manier hoe ons mekaar in die kerk of in ons huwelike hanteer.

In 1 Korintiërs 6 verduidelik Paulus 'n ander manier van konflikhantering: Daar was mense in die gemeente wat mekaar kwaad aangedoen het. Dit moes meer as een keer gebeur het, anders sou Paulus nie dit genoem het in sy brief nie. Hulle het nie in die gemeente die sake opgelos en vrede gemaak nie, hulle het die mense gedagvaar. Hof toe gesleep. Dit het Paulus geskok. Dit is verkeerd dat gelowiges mekaar dagvaar. Hy is geskok omdat Christus vir hulle 'n ander manier van konflikhantering geleer het. Dit lees ons in Matteus 18:15-20.

Wanneer ons die gedeelte lees, leer ons waarom Paulus hierdie gedeelte aan die gelowiges skryf. Daar is belangrike dinge wat ons hieruit leer:

- Die agenda is om jou broer terug te wen, ten alle koste.
- Die gemeente word gegee sodat hulle kan help in die oordeelsproses, die gemeente is bevoeg om dit te doen.
- Indien die persoon glad nie luister nie, moet jy hom sien as 'n heiden en tollenaar. Waarom? Sodat hy kan wakker skrik en tot bekering kom.
- Aanhoudende gebed is nodig.

Dit is wat Christus van sy kerk verwag. Jou agenda moet altyd wees om jou broer en suster vir Christus te wen.

Sing: Psalm 85-1:1, 2

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)